

**NASIONALE  
SENIOR SERTIFIKAAT**

**GRAAD 12**

**SEPTEMBER 2016**

**VERBRUIKERSTUDIES**

**PUNTE: 200**

**TYD: 3 uur**



---

Hierdie vraestel bestaan uit 14 bladsye.

---

**INSTRUKSIES EN INLIGTING**

1. Hierdie vraestel bestaan uit SES vrae.

<b>AFDELING</b>	<b>PUNTE</b>	<b>TYD (mins)</b>
VRAAG 1: Kortvrae (Alle onderwerpe)	40	20
VRAAG 2: Die Verbruiker	20	20
VRAAG 3: Voedsel en Voeding	40	40
VRAAG 4: Kleding	20	20
VRAAG 5: Behuising	40	40
VRAAG 6: Entrepreneurskap	40	40
<b>TOTAAL</b>	<b>200</b>	<b>180</b>

2. ALLE vrae is verpligtend en moet in die ANTWOORDEBOEK beantwoord word.
3. Nommer die antwoorde korrek volgens die nommering stelsel wat in hierdie vraestel gebruik word.
4. Begin ELKE vraag op 'n NUWE bladsy.
5. Jy mag 'n sakrekenaar gebruik.
6. Skryf slegs in swart of blou ink.
7. Gee aandag aan spelling en sinskonstruksie.
8. Skryf netjies en leesbaar.

**VRAAG 1: KORTVRAE**

1.1 Verskeie opsies word as moontlike antwoorde voorsien vir die volgende vrae. Kies die antwoord en skryf slegs die letter (A–D) langs die vraagnommer (1.1.1–1.1.20) in die ANTWOORDEBOEK neer.

1.1.1 Inflasie lei tot ...

- A verhoging in verbruikersbesteebare inkomste.
- B verhoging in die brandstofprys.
- C verlaging in die prys van goedere en dienste.
- D verlaging in verbruikers se besteebare inkomste. (1)

1.1.2 Hierdie voedselitem is van BTW vrygestel:

- A Hoender
- B Stampmielies
- C Koekmeelblom
- D Geblikte vis (1)

1.1.3 'n Skema waarin die lede vergoed word vir die hoeveelheid nuwe lede wat hulle kan werf, is 'n ... skema.

- A onwettige stokvel-
- B piramiede
- C swendel-
- D wettige stokvel- (1)

1.1.4 Die sieke wat die ystervlakke in die bloed verlaag:

- A Hipoglukemie
- B Hipertensie
- C Osteoporose
- D Anemie (1)

1.1.5 Die siekte wat deur lug versprei word wanneer 'n geïnfekteerde persoon nies, hoes of spoeg:

- A Disenterie
- B Hepatitis A
- C E.coli
- D Tuberkulose (1)

- 1.1.6 Tipiese gedrag van 'n persoon wat aan anorexia lei is ...
- A braking wat self aangebring word.
  - B oormatige gewigsverlies.
  - C uithongering uit eie keuse.
  - D eetvergryping gevolg deur oefeninge. (1)
- 1.1.7 Die volgende voedsel behoort deur 'n diabeet vermy te word:
- A Fudge, sjokolade
  - B Volgraan broodrolletjie, botterbone
  - C Laevet melk, groente
  - D Bruin rys, vetterige vleis (1)
- 1.1.8 'n Kledingstyl wat aandui dat dit van 'n vorige era is:
- A Klassieke style
  - B Standaard neiging
  - C Retrospektiewe mode
  - D Kontemporêre mode (1)
- 1.1.9 Ekovriendelike tekstiele ...
- A word gekweek om die grondtoestand te verbeter.
  - B word sonder insekdoders gekweek en word met natuurlike kleursel gekleur.
  - C produseer oeste oor 'n paar seisoene.
  - D word gekweek sonder onkruidodders en word in mooi kleedstowwe geskep deur chemiese kleurstowwe te gebruik. (1)
- 1.1.10 In 'n deeltitelwoonstelkompleks is die ... verantwoordelik vir die herstel van ligte by trappe, tuine en vullisverwydering.
- A huurder
  - B bouersraad
  - C verhuurder
  - D huiseienaarsvereniging (1)
- 1.1.11 ... word uitgeneem om die struktuur van die huis te dek.
- A Lewensversekering
  - B Verbandbeskermingsversekering
  - C Huisinhoudsversekering
  - D Huiseienaarsversekering (1)

1.1.12 Kies die persoon wat die beste vir 'n staatsbehuisingssubsidie sal kwalifiseer:

- A Jamie se vrou het elf jaar gelede 'n staatssubsidie ontvang.
  - B Beulah het al twee maande gelede uit Somalia immigrer en 'n spazawinkel begin.
  - C Elton verdien R3500 per maand.
  - D Caren wil haar tweede huis koop.
- (1)

1.1.13 Wendy woon in 'n woonstel wat spasie vir 'n wasmasjien onder die werkoppervlak het. Sy wil water bespaar alhoewel sy 'n wasmasjien gebruik. Kies die wasmasjien wat mees geskik sal wees:

- A Voorlaai
  - B Dubbel balie
  - C Bolaai
  - D Outomaties
- (1)

1.1.14 Die dokument waarby die huiskoper belowe om 'n huislening terug te betaal is 'n ...

- A huurkontrak.
  - B kontrak.
  - C verband.
  - D huis verband
- (1)

1.1.15 Sammy huur 'n eiendom. Identifiseer sy finansiële verantwoordelikheid met huur:

- A Betaal vir water en elektrisiteitsverbruik
  - B Betaal die heffing en belasting van die eiendom
  - C Betaal vir enige onderhoud wat nodig is
  - D Betaal vir enige verandering wat aan die struktuur gemaak word
- (1)

1.1.16 Die afkoelperiode vir 'n direkte bemarkingstransaksie is ... werksdae.

- A twee
  - B drie
  - C vier
  - D vyf
- (1)

1.1.17 Goeie kwaliteit verwys na ...

- A monitor kwaliteit van roumateriaal.
  - B kontrole van die hoeveelheid van voorraad op hande.
  - C inspekteer produkte op te verseker dat dit aan die vereiste standaarde voldoen.
  - D versekering dat werkers die werkplek opgeruim hou.
- (1)

1.1.18 Goeie finansiële kontrole in 'n besigheid sal ...

- A verkope verhoog.
- B verseker dat daar genoeg geld is vir rou materiaal.
- C meer as genoeg voorraad in die stoorkamer verseker.
- D verseker dat genoeg wins genereer word sodat die eienaar 'n goeie salaris kry.

(1)

1.1.19 Identifiseer die verpakking wat die meeste aanklank by verbruikers sal vind.

Die produk is ... verpak.

- A in bruinpapier
- B in kleurvolle deurskynende papier
- C in koerantpapier
- D witpapier

(1)

1.1.20 Die dokument wat die beweging van geld oor toekomstige periode wys is ...

- A kontantvloei vooruitskatting.
- B beste verkope scenario.
- C finansiële haalbaarheid.
- D slegte verkope scenario.

(1)

1.2 Gee die naam van elk van die volgende tipe belasting wat hieronder beskryf word. Skryf slegs die naam van tipe belasting langs die vraagnommer (1.2.1–1.2.5) in die ANTWOORDEBOEK neer.

1.2.1 Belasting wat deur Suid-Afrikaanse passasiers betaal word om na 'n vreemde land te vlieg.

(1)

1.2.2 Belasting waarvan sommige basiese voedselitems soos bruinbrood vrygestel is.

(1)

1.2.3 Belasting wat deur werknemers betaal word sodra hulle 'n inkomste verdien.

(1)

1.2.4 Belasting wat gehef word uit enige opbrengs wat verkry was uit die verkope van 'n bate.

(1)

1.2.5 Belasting wat gehef word op die waarde van alle eiendom wat deur 'n Suid-Afrikaanse burger besit word op die datum van sy of haar dood.

(1)

- 1.3 Kies die korrekte woord(e) tussen hakies om elke stelling te voltooi. Skryf slegs die woord(e) langs die vraagnommer (1.3.1–1.3.5) in die ANTWOORDEBOEK.
- 1.3.1 (Handelsmerk/Handelsmerkroef) klere word dikwels by vlooiemarkte verkoop. (1)
- 1.3.2 Modes wat tydloos is, is (giere/klassieke style). (1)
- 1.3.3 Gerekenariseerde patroonontwerpe, beter brei- en naaimasjiene is (ekonomiese/tegnologiese) faktore wat modeveranderinge beïnvloed. (1)
- 1.3.4 Huidige modeneigings word (kontemporêr/antiek) genoem. (1)
- 1.3.5 Mode met 'n baie kort lewensiklus is (giere/standaardstyle). (1)
- 1.4 Pas die beskrywing in Kolom B wat pas by die entrepreneuriese terme in Kolom A. Skryf die korrekte letter (A–G) langs die vraagnommer (1.4.1–1.4.5) in die ANTWOORDEBOEK.

KOLOM A Entrepreneuriese Term		KOLOM B Beskrywing	
1.4.1	Kontantvloeiprojeksie	A	Voorspel die hoeveelheid produkte vir toekomstige verkope
1.4.2	Finansiële uitvoerbare studie	B	Onderhou 'n egalige vlak van produksie en verkope
1.4.3	Volhoubare winsgewendheid	C	Winsgrens
1.4.4	Verkope scenario	D	Vermoë om 'n bestendige vlak van produksie en verkope te handhaaf sonder om beskikbare kontant uit te put
1.4.5	Aanvangskoste	E	Moontlikheid van sukses
		F	Voorspel toekomstige hoeveelheid kontant
		G	Bedryfskoste

(5 x 1) (5)

- 1.5 Identifiseer uit die onderstaande lys VYF vereistes van 'n bank om 'n huislening toe te staan. Skryf slegs die letter (A–H) langsaan die vraagnommer (1.5) in die ANTWOORDEBOEK.

- A Huweliksertifikaat
- B Bewys van inkomste
- C Bewys van behuising heffings en belasting
- D Afskrif van die koopaanbod
- E Evaluering van besteding- en betaling gewoontes
- F Bewys van Suid-Afrikaanse identiteitsdokument
- G Verhuising en reisuigawes
- H Kredietnavraag

(5)  
[40]

**VRAAG 2: DIE VERBRUIKER**

2.1 Verduidelik die volgende terme:

2.1.1 'n Kontrak (2)

2.1.2 Afkoelperiode (2)

2.1.3 Uitsluitingsklousule (2)

2.2 Verduidelik hoe Suid-Afrikaanse gesinne water meer verantwoordelik in die tuin kan gebruik. (2)

2.3 Lees die onderstaande gevallestudie en beantwoord die vrae wat volg:

Heather, 'n onderwyseres en nege van haar kollegas het 'n klub begin waarin elke lid R1 000,00 per maand bydra. Hierdie geld word in 'n bank met saamgestelde rente gespaar. Hulle het besluit dat die lede hulle bydraes saam met die rente aan die einde van Oktober terug sal ontvang.

Heather wou lankal al haar gesin met vakansie neem, maar kon nooit genoeg geld spaar nie. Die belasting wat van haar salaris afgetrek word, was hoog en sy moes meer op brandstof uitgee weens die konstante verhoging in die brandstofpryse. Inflasie het verder bygedra tot haar verlaagde besteebare inkomste.

2.3.1 Identifiseer die tipe klub waarna daar in die gevallestudie verwys word. (1)

2.3.2 Verduidelik hoe hierdie klub funksioneer. (3)

2.4 Verduidelik hoe die klublede meer uit saamgestelde rente as enkelvoudige rente bevoordeel sal word. (4)

2.5 Bespreek hoe inflasie 'n negatiewe impak op Heather se besteebare inkomste het. (4)

**[20]**



**VRAAG 3: VOEDSEL EN VOEDING**

3.1 Bestudeer die onderstaande scenario en beantwoord die vrae wat volg:

Elton het 'n burger by 'n karavaan gekoop wat wegneemetes verkoop. Hy het spesifiek gevra dat die "beef patty" nie goed gaar moet wees nie. Die kok het die blaarslaai en 'n skyfie tamatie op die broodrolletjie geplaas nadat sy dit in 'n emmer water afgespoel het. Hy het ook mayonnaise oor die "beef patty" gesmeer, die burger verpak en dit vir Elton gegee. Elton het 'n paar dae daarna begin siek voel.

3.1.1 Identifiseer die voedselverwante siekte waaraan Elton gelei het. (1)

3.1.2 Verduidelik hoe hierdie siekte aan Elton oorgedra was. (2)

3.1.3 Noem DRIE simptome wat Elton moontlik kon hê. (3)

3.2 Organiese voedsel is baie gewild en plaaslike boere kan nie genoeg daarvan aan supermarkte in die buiteland voorsien nie.

3.2.1 Verduidelik VIER redes waarom Suid-Afrikaanse boere nie ekonomies gretig is om organiese vrugte te produseer nie. (4)

3.2.2 Beskryf die negatiewe impak van organiese geproduseerde voedsel op die natuurlike omgewing. (4)

3.3 Lees die onderstaande gevallestudie en beantwoord die vrae wat volg:

Bruce ly aan hipertensie en koronêre hartvatsiekte. Hy het van die kaaskoek geëet en het simptome van gastro-enteritis begin toon.

3.3.1 Verduidelik hoe gastro-enteritis aan Bruce oorgedra was. (3)

3.3.2 Stel DRIE maniere voor om Bruce se toestand te behandel. (3)

- 3.4 Bestudeer die onderstaande ligte maaltyd spyskaart en beantwoord die vrae wat volg:

<p style="text-align: center;"><b>SPYSKAART</b>  <b>LIGTE MAALTYD</b>          Voorgereg          Peri-Peri lewer op Blaarslaai          Bedien met geroosterde volgraanbrood  <b>Nagereg:</b> Kaaskoek</p> <p style="text-align: center;"><b>Bestanddele vir die kaaskoek:</b>          Tennisbeskuitjies, gesmelte margarien, kondensmelk, suurlemoensap,          roomkaas, room, gelatien en water</p>
--

- 3.4.1 Onderskei tussen melk-allergie en laktose-intoleransie. Tabuleer jou antwoord as volg:

<b>Melk-allergie</b> (2)	<b>Laktose-intoleransie</b> (2)	(4)
-----------------------------	------------------------------------	-----

- 3.4.2 Verduidelik waarom die voorgereg geskik sal wees vir 'n persoon wat anemies is. (3)
- 3.4.3 Beskryf in 'n paragraafvorm die geskiktheid van die kaaskoek vir 'n diabeet. (5)
- 3.4.4 Analiseer die kaaskoek vir 'n persoon wat aan osteoporose lei. (8)
- [40]**

**VRAAG 4: KLEDING**

- 4.1 Verduidelik die volgende terme:
- 4.1.1 Styl (2)
  - 4.1.2 Modeneigings (2)
- 4.2 Verduidelik hoe inflasie die verbruikers se klere-aankooppatrone beïnvloed. (4)
- 4.3 Handelsmerkroef het definitief impak op die verkope van wettige bekende handelsmerke. Regverdig die stelling. (4)
- 4.4 “Katoen is ’n baie gewilde kledingstof vir uitrustings, maar katoen is nie ’n ekovriendelike kledingstof nie”. Bespreek die impak van katoenproduksie op die natuurlike omgewing. (4)
- 4.5 Bestudeer die onderstaande uitrusting en beantwoord die vraag wat volg:



Evalueer die geskiktheid van die uitrusting vir ’n formele geleentheid.

(4)  
[20]

**VRAAG 5: BEHUISING**

5.1 Verduidelik die volgende terme:

5.1.1 Inisiasie fooi (2)

5.1.2 Okkupasiehuur (2)

5.2 Onderskei tussen voltitel en deeltiteleienaarskap. Tabuleer jou antwoorde soos volg:

<b>Voltiteleienaarskap</b> (2)	<b>Deeltiteleienaarskap</b> (2)
-----------------------------------	------------------------------------

(4)

5.3 Lees die onderstaande advertensie en beantwoord die vrae wat volg:

Drie slaapkamers, aparte badkamer en toilet, oopplankombuis. Swembad, ingeboude braai area, groot agterplaas.  
 Geslote dubbelmotorhuis, elektriese heining, alarmstelsel.  
 Huurtydperk: 12 maande  
 Opsie om te koop na beëindiging van kontrak.

5.3.1 Noem die tipe eienaarskap vir die bogenoemde huis. (1)

5.3.2 Beskryf die voordele van hierdie tipe eienaarskap. (5)

5.4 Identifiseer die tipe versekering wat die huiseienaar moes uitneem toe hy die huislening van die bank kry.

Verduidelik hierdie tipe versekering. (2)

5.5 Lees die onderstaande scenario en beantwoord die vrae wat volg:

Ralton, 'n jong huurmotoreienaar besluit om die eiendom te huur. Hy geniet dit om sy vriende en familie oor naweke te onthaal. Hy wil 'n regop vrieskas op huurkoop aankoop.

5.5.1 Identifiseer die kontrak wat Ralton moet teken voordat hy in die huis trek. (2)

5.5.2 Verduidelik die in VRAAG 5.5.1. (2)

5.6 Kies uit die lys hieronder, vrieskas kenmerke wat vir Ralton sal help in elk van die volgende gevalle:

- Verstelbare rakke
- Outomatiese toedeur-funksie
- Self ontdooi
- A-energie
- Optimale temperatuur beheer
- Geen vries opsie
- 'n Geluidwaarskuwing wanneer die deur oop is
- Eweredige verspreiding van lug en elektrisiteit

5.6.1 Vergemaklik skoonmaak (2)

5.6.2 Bespaar op elektrisiteit (5)

5.6.3 Om meer voedsel te berg en om voedsel makliker te bereik (1)

5.7 Beskryf watter voordele 'n huurkooptransaksie vir Ralton sal inhou. (4)

5.8 Evalueer die voordele van die eiendom wat Ralton huur. (8)

[40]

## VRAAG 6: ENTREPRENEURSKAP

6.1 Lees die onderstaande scenario en beantwoord die vrae wat volg:

Zelda woon in 'n gemeenskap met baie getroude paartjies wat tienerjarige kinders het. Sy het die behoefte vir fasiliteite waar mense hulle klere kan regmaak herken. Sy het besluit om 'n nuwe besigheid te begin deur nuwe ritssluiters in te sit, some en nate reg te maak en klere-items te verstel. Kliënte het nie altyd hulle klere betyds kom afhaal nie en Zelda het die geld benodig.

Sy het 'n groentetuin en het begin om haar atjar te produseer. Zelda het strooibiljette oor haar besigheid uitgehandig en die besigheid het daarna vinnig gegroei. Sy het 'n werker in diens geneem met geen vaardighede en het haar in albei produkte opgelei.

Sy gebruik slegs papier wat herwin is vir strooibiljette, mayonnaise bottels wat sy van vriende en familie kollekteer vir die verpakking van die atjar en ou kruideniersware plastieksakke vir die afhaal van herstellende klere.

6.1.1 Verduidelik die term *teikenmark*. (2)

6.1.2 Identifiseer Zelda se teikenmark toe haar besigheid begin het. (2)

6.2 Zelda het goeie beheer van haar rou-materiale. Beskryf die hoofdoel van geskikte voorraadbeheer van die atjarbestanddele. (4)

- 6.3 Verduidelik die belangrikheid van produkspesifikasie. (4)
- 6.4 Hoe help die opleiding van werkers Zelda se besigheid? (2)
- 6.5 Beskryf hoe Zelda se effektiewe stoorprosedure haar besigheid bevoordeel het. (2)
- 6.6 Bemaking dra by tot die sukses van die besigheid.
- 6.6.1 Noem TWEE maniere wat Zelda kan gebruik om haar produkte te bemark. (2)
- 6.6.2 Verduidelik hoe Zelda aanhou om volhoubare kliënteverhoudings te skep. (4)
- 6.7 Analiseer hoe Zelda VIER van die bemakingstrategieë gebruik om haar produkte te verkoop. (8)
- 6.8 

Zelda verkoop 15 bottels atjar op haar slegste besigheidsdag. Die rou-materiaal per bottel is R12,40 en die oorhoofse koste is R7,36. Sy voeg 65% vir 'n wins by.
---
- 6.8.1 Bereken die verkoopprys per bottel. Rond die verkoopprys af tot die naaste rand. Toon alle berekeninge. (4)
- 6.8.2 Bereken Zelda se wins op haar slegste besigheidsdag. Toon alle berekeninge. (6)

**[40]****TOTAAL: 200**

